**OESTERBAAI INWONERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 12 JANUARIE 2018 OM 15:15 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI**

**TEENWOORDIG**

Walter Kurten (WK) (Voorsitter)
Adriaan van Wyk (A v W)
Lana Pepler (LP)
Hettie Jooste (HJ)
Riekie Penaar (RP)
Joe Meyer (JM)
Otto Pepler (OP)
Fanie Groenewald (FG)

| | |
|---|---|
| **1. OPENING**<br><br>Die Voorsitter open die vergadering met gebed.<br>Almal word hartlik welkom geheet en bedank vir hul teenwoordigheid. | |
| **2. VERSKONINGS**<br><br>Geen. | |
| **3. AANVAARDING VAN VORIGE NOTULE**<br><br>Die notule van die vorige vergadering sal by die volgende vergadering goedgekeur word. | |
| **4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| **4.1 OMGEWINGSAKE**<br><br>JM het tydens 'n vergadering met die Munisipaliteit verneem dat daar soveel tenders vir die toerusting om die sand uit Branderstraat te verskuif is, dat die proses vir aanstelling nie voor einde Maart afgehandel sal wees nie. Die fondse is wel op die Munisipale begroting beskikbaar. | JM |
| Die mond van die Slangrivier is weer in Desember 2017 met 'n TLB oopgemaak. | |
| Rehablitasie gaan voort met die twee werkers wat deur die OIV betaal word.<br>Geen werkers is deur die Munisipaliteit voorsien nie. Plantjies sal tydens die begin van die reënseisoen uitgeplant word. JM versoek hulp met die plante wat in enige geskikte houer, soos joghurt bakkies ens., uitgeplant kan word.<br>WK sal na die plantjies by JM se huis omsien in sy afwesigheid. | WK |
| JM vertrek binnekort vanaf Oesterbaai en keer terug wanneer die tenderproses afgehandel is. | |
| JM rapporteer goeie terugvoer vanaf gemeenskaplede oor die werk. | |

| | | |
|---|---|---|
| **4.2** | **WATERVOORSIENING** | |
| | Watervoorsiening gedurende Desember 2017 was problematies. Beloftes vir die bedryf van die nuwe boorgate het nie realiseer nie. Die nodige voorbereidingswerk vir die vakansieseisoen is nie gedoen nie. Die aanstelling van 2 mense met geen ervaring was ‘n struikelblok. Daar sal hopelik nuwe mense met die nodige vaardigheid aangestel word om die belangrike taak van watervoorsiening monitering te doen. Tydens die vergadering met die Munisipaliteit het Klasie aangedui dat hy nie met verteenworrdigers van die OIV sal kommunikeer nie. Kommunikasie moet via Eddie Oosthuizen geskied. Dit skep ‘n uiters problematiese situasie en vertoë is gerig dat dit reggestel moet word. | OP |
| | JM sal met G Dadamasie vergader oor al die personeelprobleme. | JM |
| | WK bevestig dat die fiets gereed is vir gebruik sodra die nuwe aanstelling gedoen is. | |
| | JM sal druk bly toepas vir ‘n nuwe pomp vir die boorgat by Umzamowethu.Daar is waargeneem dat die pompe in sekere van die boorgate te sterk was en dan die gate leeggepomp het. | JM |
| | Dit word beoog dat ‘n geleidingsmeter deur die OIV aangeskaf word sodra die nuwe aanstelling gemaak is. | OP |
| | Daar bestaan wel kommer dat die water nie genoegsaam sal wees indien die inwoners van Oesterbaai en Umzamuwethu sou toeneem nie. Verdere boorgate sal dan benodig word. Dit is nie bekend wat die aanvraag vir Umzamuwethu is nie, aangesien geen meter aangebring is nie. | OP/JM |
| **4.3** | **LEWENSREDDERS** | |
| | JM rapporteer dat die 4 lewensredders nie deur die Munisipaliteit van enige fondse voorsien word vir voedsel of akkommodasie nie. Hulle word eers vergoed aan die einde van die maand. Brenda het voedsel voorberei teen vergoeding. Een van die lewensredders het konflik veroorsaak en is verwyder nadat JM met die Brandweer geskakel het. Oorblywende voedsel is toe aan hulle oorhandig. Dit word ook voorgestel dat toestemming verkry word om ‘breathalyser’ toetse op die lewensredders te doen waar twyfel oor drankmisbruik vermoed word. | |
| | JM het verblyf gereël teen R 1000.00. Die OIV sal JM hiervoor vergoed. JM het ook aan hulle komberse geskenk. Hulle word teen R100.00 per dag deur die Munisipaliteit vergoed. | |
| | Mark Mans het onderneem om vir die toekoms ‘n karavaan aan die lewensredders beskikbaar te stel. | |
| | JM rapporteer dat behoorlik na die lewensredders omgesien word by die ander strande in Kouga Munisipaliteit. Die aangeleentheid sal met Gobisa Dadamasi opgeneem word | JM |

| | | |
|---|---|---|
| **4.4** | **GEMEENSKAPSAAL** | |
| | JM sal komende week die hoofingangdeure vervang. | JM |
| | In die lig daarvan dat die huurkontrak vir die saal weer aan die OIV toegeken is, keur die Komitee die volgende versoeke van WK goed:<br>- Dat daar met die Munisipale Bestuurder geskakel word oor die ontruiming van die kantoor wat deur Rdl. Manyoni beset word, aangesien dit nie gebruik word nie.<br>- Dat met Calibre Sekuritiet geskakel word oor die aanbring van 'n sekuriteitstelsel en –diens. Dit word op installeringskoste en R4000-00 per jaar beraam.<br>- Dat die gimnasium ook ontruim word. | WK |
| | JM stel voor dat die die ooreenkoms en die MOU in 'n nuusbrief weergegee word. | |
| | AvW rapporteer dat die Mandela muurbehansel uitmekaar trek. Hy sal dit met Kouga Windplaas opneem. JM stel voor dat 'n foto van die muurbehansel geneem, uitgedruk en dan geraam word. | AvW |
| | HJ spreek haar dank uit vir al die harde werk wat AvW in die bestuur van die saal doen. | |
| | Tafels is beskadig tydens die kersmark. JM onderneem om dit te herstel. | JM |
| | Die ooreenkoms vir huurders, wat 'n breekkasie deposito vervat, sal nou ingestel word. | AvW |
| | Frank Tamboer sal weer genader word oor die versorging van die tuin om die saal. | AvW |
| **4.5** | **AFVALSTORTINGSTERREIN** | |
| | Victor Felton bestuur die opgradering/bouwerk nou. Die spesifikasies was onvoldoende. Die hekopening is o.a. te klein. JM sal in die verband skriftelik met Victor kommunikeer. | JM |
| | 'n Glasherwinningkennisgewing word benodig. | LP |
| **4.6** | **BUSHALTE** | |
| | JM sal die randstene op 'n later stadium aanbring. | JM |
| **4.7** | **BRANDWEER** | |
| | JM rapporteer dat daar 'n nuwe tender uit is vir die voltooiing van die bouwerk aan die Branddepot. | |
| | JM versoek dat die diens verbeter word. Lodewyk moet genader word om verantwoordelikheid te neem om al die toerusting bymekaar te hou. Die verantwoordelike persone moet in die Noodplan vervat word. LP sal in die verband met Tjoppie, Lodewyk en Marinus kommunikeer om as brandkapteine op te tree. | LP |
| | FG stel voor dat die NSRI optree as "backup" | |

| | |
|---|---|
| **4.8 NOODPLAN** | |
| WK sal ‘n konsep opstel. | WK |
| **4.9 PAAIE** | |
| JM meld dat hy padboumaterial benodig. Dit sal in Maart bekom word en die nodige instandhouding sal dan gedoen word. | JM |
| OP meld dat hy gedurende die vakansie deur besoekers genader is oor sekere persone wat in Tunaweg te vining bestuur en ‘n gevaar vir voetgangers inhou. | |
| JM meld dat spoedbreker strips wat op die pad aangebring word die problem kan oplos. Die Verkeersdepartement sal skriftelik genader word. | WK |
| **4.10 KOMMUNIKASIE/NUUSBRIEWE** | |
| Almal sal hul insette aan HJ stuur. Die website, wat goed op datum gehou word, sal weer gemeld word. | HJ |
| HJ meld dat haar Whatsapp groep goed gewerk het gedurende die vakansie. JM spreek sy dank uit aan HJ vir al die harde werk tydens die waterprobleme om mense ingelig en tevrede te hou. | |
| **4.11 UMZAMOWETHU** | |
| AvW meld dat die kliniek volgende week weer sal oopmaak. | AvW/ Wendy |
| **4.12 KERSDIENS** | |
| HJ versoek dat ‘n ander lid hierdie jaar die predikant reël en dat vroeg reeds met die proses begin word. | |
| **4.13 KERSMARK** | |
| Almal het FG en RP bedank vir hulle harde werk met die organisering van die kersmark. | |
| Dank aak aan JM vir die kabels en vervoer van tafels. | |
| Die volgende word reeds beplan vir die 2018 kersmark:<br>- Groter tent<br>- Die orde van die aktiwiteite verander word, byvoorbeeld dat die skattejag later gedoen sal word.<br>- Daar sal reeds aan skenkings vir die pryse gewerk word. | |

**4.14 FINANSIES**

Die kersmark het finansieël byna gelyk bebreek met die uitgawes wat die inkomste met 'n paar rand oorskry.

Die inkomste uit die inskrywings vir die hondeskou is aan Poppie Meyer oorbetaal om aan te wend vir die sterilisasieprogram van Umzamowethu se honde.

Die verkope van die T-hemde wat nog van die vorige jaar oorgebly het, het nie so goed gegaan nie. Pette word vir hierdie jaar beplan.

Die kersdienskollekte was ongeveer R9 600 wat minder is as die vorige jaar. Minder mense het egter die kersdiens bygewoon.

Die uitgawe ten opsigte van die lewensredders was R5 100.

Die stand van fondse tans:
- Tjekrekening: R45 000
- Beleggingsrekening: R 52 000

HJ versoek dat die Notule van die AJV vroeër uitgestuur word ten einde die besluit oor die ledegeld te kommunikeer. LP het onderneem om die notule sou gou as moontlik af te handel. Dié aangeleentheid sal ook in die nuusbrief vervat word. — LP HJ

**5. NUWE SAKE**

**5.1 STRANDDIENSAKSIE**

FG bespreek die brief wat hy in sy persoonlike hoedanigheid aan die Voorsitter van die Moreletta NG gemeente gaan rig oor hulle dienslewering. HJ meld dat hulle primêre doel dienslewering aan die jeug in die karavaanpark is.

JM meld dat daar goeie belyning van die groep se funksies en OIV aksies moet wees.

**5.2 KLANKSTELSEL**

Goedkeuring word aan HJ verleen om ondersoek in te stel na die aankoop van ‘n klankstelsel en aan die Komitee verslag te doen. Die fondse uit die kollekte by die kersdiens kan hiervoor aangewend word. — HJ

**5.3 BRIEF VAN BOTHA GESIN**

Die Bothas versoek dat die voetpad vanaf Tornynstraat na die winkel oopgekap en herstel word en bied ‘n donasie vir die doel aan. JM bied aan om ondersoek in te stel en die Munisipaliteit te betrek. — JM

| | |
|---|---|
| **5.4 STRATEGIESE BEPLANNING/BEPALING VAN PROJEKTE**<br><br>Daar word besluit om 'n strategiese beplanningsessie met 'n onhafhanklike fasiliteerder te reël. Die opheffing van die inwoners van Umzamowethu moet 'n prioriteit wees. Daar moet ook gepoog word om die Boerevereniging, verteenwoordigers van die windplase, verteenwoordiger van die vissersbedryf en plaaslike belangstellendes te betrek. FG sal sal navorsing doen. | FG |
| **6. VOLGENDE VERGADERING**<br><br>Datum sal kommunikeer word. | |
| **10. AFSLUITING**<br><br>Die Voorsitter bedank almal vir hulle bydraes. | |

**NOTULE AS KORREK AANVAAR EN GOEDGEKEUR**

| | |
|---|---|
| **VOORSITTER** | **SEKRETARESSE** |
| **WJ Kurten** | **H C Jooste** |

**DATUM/DATE:**